# PSALM 2

**C                         G    C**
1. Waarom stig volke opstand teen Yahweh
**C               F  C          D  G**
en word teen Sy Gesalfde saamgespan?
**C         G    F           C**
Hul sê, as hulle dié gesag trotseer:
**G                  C     G   C**
“Werp af die juk en raak bevry daarvan.”

**C                       G       C**
2. Yahweh wat bowe in die hemel woon,
**C            F  C           D  G**
Hy lag hul uit en Hy maak hul tot spot.
**C            G        F             C**
Hul gaan op loop, die vorste wat Hom hoon,
**G                  C     G   C**
Hy maak ‘n nietigheid van hul komplot.

**C                         G    C**
3. Die vorste word deur U, Yahweh vermaan:
**C               F C           D  G**
“Ek het die Koning immers self gekroon,
**C           G        F             C**
daar op My berg wat hoog en heilig staan,
**G                    C     G   C**
daar heers Hy, My Gesalfde, op Sy troon.”

**C                         G    C**
4. “U is My Seun,” het Hy aan Hom gesê.
**C            F C       D  G**
“U kry die volke as besit van My.
**C         G      F           C**
Hul sal in skerwe voor U septer lê,
**G                  C     G  C**
hul sal verbrokkel soos ‘n pot van klei.”

**C                         G   C**
5. O heersers van die aarde, gee dan ag,
**C               F   C      D    G**
want julle moet Hom onderdanig wees:
**C            G      F              C**
Die Koning moet gedien word met ontsag,
**G                C     G     C**
eerbiedig, en met siddering en vrees.

```
    C                            G   C
6.  Kom eer Yahweh, kom buigend nou voor Hom.
    C              F  C       D  G
    Keer so dat Hy vertoorn op julle raak,
    C           G       F          C
    keer dat Yahweh se woede oor jul kom.
    G                   C    G      C
    Wie by Hom skuil, sal Hy gelukkig maak.
```